

MEMORANDUM - Reënboogboek

Bl. 12:

1. Sy kon nie slaap nie daarom het sy 'n boek gelees.
2. Die hond het sy stert geswaai omdat hy bly was.
3. Ons het 'n koek gebak en dit geëet.
4. Ek hou van appels en van pere.

1. Annie het drie piesangs geëet. Annie was sy honger.
2. Die hond het geblaf. Die hond het 'n geluid gehoor.
3. Ek help my ma kosmaak. Ek dek die tafel.

Bl 28 - Speletjie

baie, boelie, samestelling, ge, nooit, kindjie, hy, toilette, speelgrondjie, afgehaal, gelukkig, afleiding, kige, samestelling, nommers, telefoontjie, hy/sy, koester, die motors word hier geberg / die berg is steil, skole, nooit, kindjie, ma, praat, gesels, eryl, samestelling, plekke, altyd, probleempie, hulle/mekaar, onderwysers

Werksoefening 2.4

Maak seker jy ken die volgende homonieme en homofone.

Homonieme

bas - die laagste manstem in 'n koor

buitenste bedekking van die stam en takke van 'n boom

doel - wat 'n mens hoop, probeer om te bereik of iets waarna jy strewe

die ruimte waardeur 'n bal moet trek om punte aan te teken

kan - die vermoë hê om iets te doen

'n houer van metaal, erdewerk of porselein vir vloeistowwe

kap - met 'n skerp voorwerp op iets slaan om dit in stukke te verdeel

die deksel oor die masjien van 'n motor

ken - gedeelte van jou gesig aan die onderkant van jou mond

jy weet wie of wat, iets of iemand is

kom - 'n groterige houer sonder 'n deksel waarin vloeistowwe gehou word

gaan nader na iets of iemand toe

lam - die kleintjie van 'n skaap of bok

slap en kragteloos - heeltemal of gedeeltelik sonder beweging wees

leer - ek klim op die leer

my kous het 'n leer


leer vir toetse

die handsak is van leer gemaak



maat - afmeting van lengte, inhoud of oppervlakte
'n goeie vriend of kameraad

vier - 'n feestelike herdenking of eerbewys aan iemand
drie plus een is vier



voer - kos of voedsel vir diere
iemand kos gee

voor - 'n sloot vir water
aan die voorkant wees

Homofone

bod - hoeveelheid geld wat aangebied word vir iets wat te koop is, veral op
vandisies - knop aan plante

bot - onbeleefd, nors

boud - boonste deel van 'n persoon se bobeen waarop 'n mens sit

bout - metaalstaaf met 'n kop en skroefdraad vir 'n moer wat gebruik word om
dinge aanmekaar te hou

brei - met wol en penne brei: **brei klei (maak dit sag)**

bry - trillende klank van die kleintongetjie

end - die punt waar iets ophou - die einde 'n afstand

ent - 'n ent geloop - 'n entstof toedien om 'n siekte te voorkom

moed - dapperheid

moet - verplig om iets te doen

noot - banknoot, musieknoot

nood - Hy is in nood en het dadelik hulp nodig



stad - groot uitgebreide gebied met strate, huise en geboue

stat - woonplek waar 'n groep mense in hutte woon

steil - baie skuins na bo of onder

styl - wyse van skryf of skilder - sy musiekstyl, stylvolle vrou - goeie smaak

vee - mak diere wat op plase, met 'n besem 'n strykbeweging maak

fee - die goeie fee wat in kindersprokies voorkom

wei - beeste, skape wei in die veld en vreet die gras

wy - wy jou lewe aan die Here